

17 Januarie

Skrifgedeelte: Johannes 13:1-17
Fokusgedeelte: Johannes 13:34, 35

Jou lewe 'n fees deur die die reininging deur Christus tot verandering

Dit gebeur maklik dat gelowiges in godsdienstige feeste terugleef in die verlede. So maklik kon die paasfees (vs 1a) verskraal word tot 'n vae herinnering aan die uittog uit Egipte. Dan bly die transformerende werk van die Here in die kas van vergetelheid toegesluit.

Juis op die vooraand van die Paasfees was Jesus sy dissipels se voete. Waaroor Johannes (deur die Gees) die volgende kommentaar gee: “Hy het hulle tot die uiterste toe liefgehad” (vs 1b). Jesus gaan in sy liefde tot die uiterste, verder as die mens kan dink of aanvaar. Dit was eenvoudig nie binne jou leefwêreld om iemand se voete te was nie. 'n Jood sou ook nie sy Joodse slaaf daarvoor gebruik nie, maar 'n slaaf uit die heidene.

As Hy dan die voete was, is dit ook veel meer as om die stof af te was. Met sy woorde: “As Ek jou nie was nie, het jy geen deel aan My nie” (vs 8b) sê Jesus dat sy wassing 'n transformasie bewerk. As reinigingshandeling gaan dit nie bloot om 'n uiterlike wassing of reiniging nie. Hier kan ons selfs dink aan die reiniging van melaatsheid. 'n Besmetting wat jou buite en binne aantast en jou dus onaanvaarbaar maak. 'n Vuilheid wat jou uitsluit.

As die voetwassing sy liefde tot die uiterste teken, wys dit heen na die reiniging deur sy bloed. Dit is 'n totale reiniging, 'n transformerende reiniging. Hierdeur word ons verander van vuil na skoon, van onreing na heilig, van ver van God tot kinders van God. As dit dan op die vooraand van die Paasfees gebeur, moet die dissipels teruggedink aan God se Woord in Eksodus 20:2: “Ek is die Here jou God wat jou ... bevry het.” Nie net uit Egipte (plek) nie, maar deur bevryding jou verander het van slaaf tot 'n geheiligde koninkryk van priesters (Eks 19:4-6).

Uit hierdie voetwassing gee Jesus die opdrag (vs 15): “... moet julle ook doen.” Hierby sluit sy opdrag in vers 34 en 35 aan. Die nuwe gebod om mekaar lief te hê. Tog was hierdie gebod al soveel keer in die Ou-Testament gegee. Wat maak dit nou nuut?

Jesus se voetwassing is nie 'n kopieer-voorbeeld nie, maar 'n teologie-voorbeeld. Deur die goddelike daad van reiniging en daarin verandering, is ons in ons denke en (voortvloeiend) dade verander. Ons dink en doen nou verder as wat ons altyd aanvaar het. Liefhê van jou broers en susters ken nie meer menslik gestelde grense nie. Nee, my broers en susters is so kosbaar vir my dat ek in my diens aan hulle verder gaan as die grense van my tyd, my geld, my behoeftes en my persoonlike ruimte. So maak ek die lewe vir hulle 'n fees. En ook my eie lewe word fees.

Sing: Skrifberyming 9-3:1, 2

Ds CA Jansen (Secunda)

